## 10 Junie - JEREMIA

**Skrifgedeelte: Jeremia 13:1-11**
**Fokusgedeelte: Jeremia 13:11**

Die volk het nie meer na Jeremia se prediking geluister nie; daarom moes hy nou die volk op hulle sonde wys sodat hulle op ′n manier van buite na hulleself kon kyk.

Linne is altyd gebruik vir die priesters se klere. Net so is hierdie gordel van linne nou ′n simbool wat heenwys na die volk van God wat sy priestervolk was (Eks 19:6).

Verder is ′n linnegordel gebruik om ′n mens se klere aan sy lyf vas te bind. So ′n linnegordel was onderklere wat teenaan die liggaam gedra en om die middel vasgebind is. Net soos hierdie gordel teenaan ′n mens se lyf was, so het die Here sy volk ook teenaan Hom gebring en aan Homself vasgebind.

Die Here het die volk aan Hom gebind deur al die dinge wat Hy in hulle geskiedenis vir hulle gedoen het. Hy het hulle byvoorbeeld uit Egipte verlos waar hulle as slawe hande-arbeid verrig het en vreeslik geslaan is. Vir hierdie volk het die Here ′n wonderlike land gegee wat oorloop van melk en heuning.

As gelowiges en as kerk van ons Here Jesus Christus is ons ook aan God vasgebind soos ′n linnegordel. Hierdie bindingsproses het op verskillende maniere plaasgevind. Jesus se betaling vir ons sonde bind ons op ′n besondere manier aan God vas. Die Here bind ons ook elke keer aan Homself vas wanneer ons swaarkry en Hy dan op sy tyd vir ons uitkoms gee (1 Pet 1:5-7).

Deur die bloed van Jesus Christus is ons die eiendom van God. Ons moet Hom alleen dien. Ons moet aan Hom vashou en onsself aan Hom wy.

As ons egter nie die doel van die binding verstaan nie, sal die Here ook hierdie gordel losmaak en laat vergaan As gelowiges het ons ′n verantwoordelikheid. Ons moet die Here ons God dien en ons moet Hom liefhê.

Wy jou lewe opnuut in hierdie dag aan God. Jy is aan Hom vasgebind deur die bloed van Jesus Christus, en ons lewe moet ook daarvan getuig.

*Sing: Psalm 25:2 (1936-beryming)* *Ds PJ de Bruyn (Gobabis)*